# SPESIALE EKONOMIESE SONES (SEZ)

## Wat is nuut?

- 21 Februarie 2018 - 2018 Begrotingsrede
  Die minister van finansies sal ses spesiale ekonomiese sones goedkeur vir belastingverligting. Meer inligting sal beskikbaar gemaak word.

## Wat is Spesiale Ekonomiese Sones (SEZ'e)?

Spesiale Ekonomiese Sones (SEZ'e) binne Suid-Afrika is geografiese aangewese gebiede van die land, een kant gesit vir bepaalde geteikende ekonomiese aktiwiteite om nasionale ekonomiese groei uitvoer te bevorder deur die gebruik van ondersteuningsmaatreëls wat buitelandse en binnelandse beleggings en tegnologie lok.

Kategorieë van SEZ'e wat as deur die minister van handel en industrie as sodanig aangewys kan word, sluit in:

- Vryhawes;
- Vryhandelsones (FTZ'e);
- Industriële Ontwikkelingsones (IDZ'e);
- Sektorontwikkelingsones (SDZ'e).

**Oorgang van huidige IDZ'e**

Ingevolge die oorgangsvoorsienings van artikel 39 van die Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014, sal alle IDZ'e, bedrewe voor 9 Februarie 2016, volgens wet oorgeskakel word na SEZ'e. Enige bestaande IDZ-operateurs moet seker maak dat die IDZ voldoen aan die raamwerk wat SEZ'e reguleer ingevolge die Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014, binne drie (3) jaar na die inwerkingtreding van die Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014.

**Doeane-beheergebiede**

'n SEZ of enige deel daarvan kan as 'n doeane-beheergebied aangewys word. Daar kan meer as een (1) doeane-beheergebied binne 'n enkele SEZ wees. Hierdie areas word deur Doeane beheer tot die mate vir sodanige aktiwiteite wat registrasie of lisensiëring ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, vereis en slegs die perseel waar sodanige aktiwiteite uitgevoer word, sal deur Doeane beheer word. Doeane-beheergebiedondernemings is persele wat permanent binne 'n doeane-beheergebied geleë is waar aktiwiteite uitgevoer word wat registrasie of lisensiëring by Doeane vereis en deur Doeane beheer word.

**Registrasie van 'n SEZ en lisensiëring van SEZ-ondernemings**

Vir meer oor registrasie van 'n SEZ of lisensiëring van 'n doeane-beheergebiedonderneming, klik hier.

**Kortingvoorsienings**

- Goedere, van enige aard, deur 'n geregistreerde doeane-beheergebiedonderneming ingevoer, na binne die doeane-beheergebied, kan ingevolge kortingsitem 498.01 ingevoer word.
- Goedere van enige beskrywing wat deur 'n geregistreerde SEZ-operateur ingevoer word vir die gebruik in konstruksie en onderhoud van die infrastruktuur van 'n doeane-beheergebied in 'n SEZ, kan ingevoer word ingevolge kortingsitem 498.02. Infrastruktuur is beperk tot die basiese strukturele elemente wat permanent in 'n doeane-beheergebied geïnstalleer is, bv. sanitasie, elektrisiteit, paaie, brûe en geboue.
- Goedere kan aangeteken word ingevolge enige kortingsitem van Bylaag 3 deur 'n doeane-beheergebiedonderneming soos beskou in reël 21A.01 en geregistreer ingevolge sodanige item, mits:
  - Die doeane-beheergebiedonderneming voldoen aan:
    - Enige aantekeninge ten opsigte van daardie item;
    - Die aantekeninge tot Bylaag 3; en
    - Artikel 75; en
    - BTW word betaal op goedere ingevoer deur die doeane-beheergebiedonderneming ingevolge enige item in Bylaag 3. Om goedere en dienste aan jou gelewer te verklaar, kan

jy die VAT267 - Declaration in respect of supply of goods or services to or from a CCA or an SEZ - External vorm voltooi, of vir meer inligting, verwys na ons BTW-webblad.